Jannie du Toit

Lirieke van my opnames. Meer te kry op my webblad
www.janniedutoit.com

EK HET JOU LIEF GEHAD

Musiek: Christa Steyn
Teks: Pieter Stofberg/Jannie du Toit

Ek het jou liefgehad vandat ek kan onthou
en my liefde was nog altyd
onvoorwaardelik gewees
daar was tye dat dit swaar was
jou beloftes selde waar
maar jy weet ek was nog altyd daar vir jou

Ons liefde het ‘n wêreldkryg oorleef
en nog swaarder as die oorlog
was jou ontrou soms gewees
maar ek bid dat jy sal lewe
en ek sal bly vergewe
en ons kan saam na ‘n volmaakte liefde streef

Mag die genade jou op hierdie reis bewaar
mag jou boot op waters van vergiffenis vaar
mag daar vrede in jou hart wees
mag ons liefhê sonder vees
in die beloofde land waar ek reeds wag vir jou

Ek sal jou liefhê by die ewigheid verby
en die waarde van jou liefde
is onberekenbaar vir my
ek bid dat ons sal heel word
om ons drome te verseël
in ‘n liefdesband wat lewenslank sal bly

Mag sy genade jou op hierdie reis bewaar
mag jou boot op waters van vergiffenis vaar
mag daar vrede in jou hart wees
mag ons liefhê sonder vrees
in die beloofde land waar ek reeds wag vir jou
die beloofde land waar liefde wag op jou